NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord **EEN** vraag in Afdeling A en **EEN** vraag in Afdeling B.
4. Akkurate en toereikende feitelike kennis is noodsaaklik; ewe belangrik is die vermoë om relevante inligting krities te gebruik wanneer die vrae beantwoord word.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n ordelike manier en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag in hierdie afdeling.

Skryf 'n beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en beredenering. Dit moet ongeveer 800 tot 900 woorde lank wees. (Jy hoef nie die aantal woorde aan te dui nie.)

VRAAG 1 DIE KOUE OORLOG

Hoe suksesvol was die Sowjetunie om die pogings deur die Verenigde State om 'n "magsgebied" in Europa gedurende die Koue Oorlog te vestig, uit te daag?

Bespreek met verwysing na gebeure in Europa tussen 1945 en 1955.

[70]

OF

VRAAG 2 DIE KOMS VAN DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA

Hoe ontwrigtend was die voortslepende geweld in aanloop tot die 1994-verkiesing vir die onderhandelingsproses?

Bespreek met verwysing na gebeure in Suid-Afrika tussen 1992 en 1994.

[70]

OF

VRAAG 3 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Hoe effektief was Gorbachev se hervormings in die bewaring van Kommunisme en die Sowjetstaat?

Bespreek met verwysing na gebeure in Rusland tussen 1985 en 1991.

[70]

70 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFWERK

Beantwoord **EEN** vraag in hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfwerk moet ongeveer 350 tot 400 woorde lank wees. Jy moet jou eie kennis gebruik en jy kan ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord. (Jy hoef nie die aantal woorde aan te dui nie.)

TEMA DIE KOUE OORLOG

VRAAG 4

Die onderstaande strokiesprent het op 23 September 1963 in die *Daily Mail* in die Verenigde Koninkryk verskyn. Sowjetpremier Khrushchev (links) en die Chinese leier Mao (regs) word uitgebeeld.



[Bron: <ttps://www.nysedregents.org/globalhistorygeography/Archive/20100817-gh-examw.pdf> (Toegang 13 Januarie 2021)]

Verduidelik hoe die verhouding tussen China en die USSR gedurende die Koue Oorlog versleg het.

(a) Wat was die aard van die verhouding tussen China en die USSR in die 1950's?

(b) Wat het tot die agteruitgang van die verhouding tussen China en die USSR teen die middel van die 1960's gelei?

(c) Hoe het die Sino-Sowjet-skeuring Koue Oorlog verhoudings teen die 1970's beïnvloed?

[30]

OF

VRAAG 5 DIE KOMS VAN DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA

Die onderstaande strokiesprent wat in Augustus 1990 verskyn het, weerspieël die African National Congress (ANC) en die Suid-Afrikaanse regering se uitreiking van 'n gesamentlike verklaring oor onderhandelings. Die blom word gebruik as 'n simbool van gereedheid om die militêre komponent uit die onderhandelings te haal en trouens dit daadwerklik te laat vaar.



[Bron: <https://www.nelsonmandela.org/multimedia/entry/len-saks-cartoons-1990-1994> (Toegang 5 Maart 2021)]

Verduidelik die uitwerking wat geweld op die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1992 gehad het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het tot die begin van die onderhandelingsproses van 1990 gelei?

(b) Watter stappe het die ANC en regering geneem om 'n ooreengekome skikking tussen 1990 en 1992 te bereik?

(c) Hoe het geweld in Suid-Afrika tussen 1990 en 1992 die onderhandelingsproses ondermyn?

[30]

OF

IEB Copyright © 2021

VRAAG 6 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Die strokiesprent hieronder wat in 2017 verskyn het, toon die reaksie van mense oor die wêreld heen op die uitwerking van globalisasie en die oorheersing van "Westerse Kapitalisme".

[Bron: <https://ntsikayezwefakude.medium.com/globalisation-the-emergence-of-a-hybrid-society-22e620e1a8ab> (Toegang 13 Januarie 2021)]

Verduidelik die toenemende reaksie op globalisasie en die oorheersing van "Westerse Kapitalisme" deur 'n wye verskeidenheid van burgerlike samelewingsgroepe deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat is globalisasie en "Westerse Kapitalisme"?

(b) Hoe is die wêreldwye ekonomie deur globalisasie en die oorheersing van "Westerse Kapitalisme" beïnvloed?

(c) Wat was die reaksie op globalisasie en oorheersing van "Westerse Kapitalisme"?

[30]

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021